GENESIS
Die roeping van Abraham. Wat sê dit vir ons vandag?

Fokus teks: Genesis 12: 1-9, 1983.
Liedere: Psalm 84: 1-2; Vonkk 5: 1-2; Psalm 38: 1, 7-8; Vonkk 234: 1-3; Vonkk 38: 1-3.

AANKONDIGINGS:

- Maandag 12 Oktober, vier ons die verjaarsdag van oom Jacob Oudegeest, hy word vandag 82 jaar oud. Donderdag, 15 Oktober, is dit Elize Bornman se verjaarsdag. Ons wens julle van harte geluk met julle verjaarsdag en bid dat die Here julle nuwe lewensjaar sal vul met sy liefde, genade en seën.
- Op Sondag 18 Oktober 2026 om 16:00 nooi ons al ons Millennials (1980–1996) na ‘n Koffie & Gesels by die Kerkgebou. Dit is ’n geleentheid om saam te kuier, te gesels en oor kerkwees vir vandag te dink. Kom kuier, kom deel, kom groei!
- Op 30 Oktober is dit weer tyd vir ons gemeente se Lekker-Eet! Die werk begin om 08:00 en die verkope begin om 10:00. Kom geniet ’n heerlike verskeidenheid eetgoed, kuier saam en ondersteun ons gemeente se Lekker-Eet-geleentheid. Ons sien uit om jou daar te hê!
- Ons gemeente se bydrae tot die Bybel Genees-projek het gegroei tot R7458,51 en daarvoor is ons baie dankbaar. Deur ons bydraes help ons om die Woord

van God in mense se hande te plaas – nie net hier in Suid-Afrika nie, maar ook verder in die wêreld. Elke bydrae, groot of klein, maak ’n verskil.

LIEF & LEED:

- Ruan Olivier was hierdie week in die hospitaal met ‘n rugby besering aan sy elmboog.

KLOK:

Die kerkklok beier raak stil as simboliese uitnodiging om stil te word en ons aandag op God te rig. Die klok herinner ons daaraan dat ons nie bloot na ’n byeenkoms toe kom nie, maar dat ons as gemeente saamgeroep word om God te ontmoet, na sy Woord te luister en ons geloof saam te vier.

Fokus teks: Genesis 12: 1-9, 1983.
Liedere: Psalm 84: 1-2; Vonkk 5: 1-2; Psalm 38: 1, 7-8; Vonkk 234: 1-3; Vonkk 38: 1-3.

TOETREDE: Psalm 84: 1-2 ~ Hoe lief het ek U woning, Heer.

VOTUM:

Vader ons weet ons kan nêrens heen dwaal, U sal ons altyd weer kom haal. Niks stuit u liefde en majesteit, Here ons God, in ewigheid.

SEËN:

God bly met ons, waar ons ook mag gaan. As ons struikel, trek die Vader deur sy liefde ons weer nader – In gevare, angs en lyding bied sy almag ons bevryding - God bly met ons, waar ons ook mag gaan. Amen.

LOFSANG: VONKK 5: ~ Vreugde! Vreugde! Juig van vreugde.

GELOOFSBELYDENIS: God is die hoof van die kerk.

Ons glo in God, die Vader, die Een wat alles geskep het en oor alles heers. Ons glo dat Hy nie ’n afwesige God is wat sy skepping aan homself oorlaat nie, maar die

lewende God wat steeds regeer, steeds handel en steeds sy kerk in stand hou.

Ons glo in Jesus Christus, die Here. Ons bely saam met die apostel Paulus dat God Hom uit die dood opgewek het en Hom aan sy regterhand in die hemel laat sit het. Hy is “hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy”. Daar is geen aardse koning, regering, mag, ideologie of menslike gesag wat uiteindelik bo Hom staan nie. Christus is Here.

Ons glo daarom dat Christus die Hoof van die kerk is. Die kerk behoort nie aan mense nie. Dit is nie ons taak om die kerk, die evangelie of God se waarheid te beskerm asof alles van ons afhanklik is nie. Ons glo dat God self sy kerk bewaar en dat Christus self sy kerk lei.

Ons erken egter dat ons as gelowiges soms probeer om God se werk met ons eie reëls te beskerm. Ons kan só besig raak om die evangelie te beskerm dat ons uiteindelik die evangelie self verskraal. Ons kan ons eie gebruike, tradisies en verstaan van die kerk verhef tot iets groter as die Here van die kerk.

Ons glo dat die kerk Christus se liggaam is – 'n liggaam wat deur Hom geroep, gevorm en gestuur word. Daarom wil ons nie eerstens vra: Hoe beskerm ons die kerk? nie, maar: Waarheen stuur ons Here ons? Ons bely vandag: Jesus Christus is die Hoof van die kerk.

Aan Hom kom die eer toe, nou en tot in ewigheid. Amen.

GEBED:

Kom ons bid saam met Paulus hierdie gebed:

Here, verhelder die oë van ons verstand, sodat ons u hoop kan sien en u roeping kan hoor. Gee ons wysheid om te onderskei wat U van ons vra, en nederigheid om te onthou: U is die hoof van die kerk – nie ons nie. Lei ons, Here, en leer ons om U te volg. Amen.

WIL VAN GOD: Psalm 38: 1, 7-8.

SKRIFLESING: Genesis 12: 1-9, 1983

[1]Die Here het vir Abram gesê: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir

jou sal aanwys. [2]Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. [3]Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees."

[4]Abram het toe weggetrek, gehoorsaam aan die woord van die Here, en Lot het saam met hom getrek. Abram was vyf en sewentig toe hy uit Haran weggetrek het. [5]Hy het sy vrou Sarai en sy broerskind Lot en al die besittings wat hulle bymekaargemaak het en al die slawe wat hulle in Haran aangeskaf het, saamgevat en hulle het weggetrek na Kanaän toe.

Nadat hulle in Kanaän aangekom het, [6]het Abram deur die land getrek tot by Sigem se aanbiddingsplek by die groot waarsêersboom. In daardie tyd het die Kanaäniete die land bewoon.

[7]Toe het die Here aan Abram verskyn en vir hom gesê: "Aan jou nageslag gee Ek hierdie land." Abram het daar 'n altaar gebou vir die Here wat aan hom verskyn het.

---

[8]Van daar af het Abram verder getrek na die bergwêreld toe, oos van Bet-El, waar hy tent opgeslaan het met Bet-El aan die westekant en Ai aan die oostekant. Daar het hy 'n altaar vir die Here gebou en die Naam van die Here aangeroep. [9]Toe het Abram kamp opgebreek en al gaande na die Suidland toe versit.

PREEK:

Wanneer ons Genesis 12 lees, moet ons onsself vir ’n oomblik terugplaas in die tyd en die wêreld van Abraham. Dit is nie ’n wêreld waarin ’n mens bloot kon besluit: “Ek pak my goed en begin ’n nuwe lewe” nie. Jou land, jou familie en jou vaderhuis was deel van jou identiteit, veiligheid en toekoms. Familie was jou beskerming; grond het jou bestaansmoontlikheid verseker; en jou plek binne die familie het bepaal wie jy is.

Vir Abraham kon dit nie maklik gewees het om te hoor: “*trek weg van jou land, jou vaderland en jou familie*”, dit was sonder twyfel ‘n ontwrigtende roeping. God vra van Abraham om dit wat vir hom bekend en veilig is, agter te

laat en Hom te vertrou vir ’n toekoms wat hy nie kan sien nie.

Nogtans, vertrek Abraham agter God se roeping aan, sonder om te weet waarheen die pad hom sal lei. Sy gehoorsaamheid berus nie op sekerheid nie, maar op vertroue in die God wat hom geroep het. Hy vra nie eers vir God ‘n teken voordat hy gaan nie, hy vertrek in gehoorsaamheid.

En dan moet ons ook onthou wie Abraham was. Hy kom nie uit ’n reeds gevestigde Israelitiese geloofsgemeenskap nie. Hy kom uit Ur van die Chaldeërs in Suid-Mesopotamië, ’n welvarende stad waar die maangod Nanna, of Sin, aanbid is. Later vestig sy familie hulle in Haran, waar dieselfde godsdienstige wêreld bestaan het. Abraham word dus nie geroep omdat hy reeds die perfekte kandidaat vir God se werk was nie. Hy word geroep uit ’n vreemde kultuur waar afgode gedien word.

Fokus teks: Genesis 12: 1-9, 1983.
Liedere: Psalm 84: 1-2; Vonkk 5: 1-2; Psalm 38: 1, 7-8; Vonkk 234: 1-3; Vonkk 38: 1-3.

Dit maak Genesis 12 so aktueel vir vandag. Ná Genesis 1–11, ná die sondeval, geweld, vloed en Babel, begin God ’n nuwe hoofstuk. Hy kies een mens en deur hom wil Hy al die geslagte van die aarde seën. Let wel, nie ‘n volmaakte mense nie. En miskien is dit presies waaroor roeping gaan: God kies en roep nie noodwendig die mens wat reeds gereed, sterk of volmaak is nie. God roep ’n mens – en dan begin God met daardie mens werk.

Dieselfde geld ‘n kerk en/of ‘n gemeente. God roep ons om ‘n positiewe impak te maak op die mense en die planeet rondom ons. Hy roep die kerk en ‘n gemeente nie omdat hulle volmaak is nie. Die kerk of gemeente is mos nie ‘n museum vol heiliges met geen foute nie. Nee, sien die kerk of gemeente eerder as ‘n geestelike hospitaal waar gelowiges herstel en aansterk. Soos ons vandag hier sit is daar mense wat hierdie geestelike hospitaal net kom besoek, ander van ons is emosioneel, geestelik, relasioneel of fisiek in die moeilikheid en ander van ons selfs in die geestelike hospitaal se ICU. Tog werk God in, deur en met ons!

Fokus teks: Genesis 12: 1-9, 1983.
Liedere: Psalm 84: 1-2; Vonkk 5: 1-2; Psalm 38: 1, 7-8; Vonkk 234: 1-3; Vonkk 38: 1-3.

Ons het reeds gesien dat Genesis 12 nie in ’n vakuum begin nie. Abraham kom uit ’n wêreld van ander gode, ander sekerhede en ’n sterk familie-identiteit. En juis daar, in die gewone lewe van ’n gewone mens, kom God se stem: “Gaan uit jou land, uit jou vaderland en uit jou familiekring na die land toe wat Ek jou sal aanwys.”

Abraham weet nog nie waarheen nie. Hy weet net Wie hom roep. Dit is dalk die eerste belangrike ding wat ons oor roeping moet verstaan: roeping begin nie by my planne vir God nie; roeping begin by God se planne vir my lewe. Daarom moet ek, die kerk en ‘n gemeente baie tyd maak om geloofsonderskeidende te soek na God se planne vir my, die kerk of ons gemeente.

In die laaste week het ek voor honderde keuses te staan gekom, dit het my uitgeput en slapelose nagte gegee, totdat ek my planne eenkant toe geskuif het en biddend vir God gevra het Hy moet vir my die pad wys. Het die

pad vorentoe vir my minder uitdagend geword? Nee, maar ek is baie rustiger.

Abraham word nie geroep omdat hy reeds ’n groot geloofsheld is nie. Hy is ’n mens wat moet leer om God op sy woord te neem. Wanneer ons dan deur die Bybel lees, ontdek ons iets merkwaardigs: God roep gewone mense. Hy roep Noag in ’n wêreld wat van God vervreem geraak het. Hy roep Abraham. Hy roep Moses – ’n man wat allerhande redes het waarom hy nie geskik is nie. Hy roep Samuel as ’n jong seun. Hy roep Dawid, die jongste en onwaarskynlikste van sy broers. Hy roep Jesaja, Jeremia en ander profete. Jesus roep vissers, ’n tollenaar en gewone mense om sy dissipels te word. Hy roep Paulus, wat aanvanklik juis teen die kerk optree. En deur die Heilige Gees word die hele kerk geroep om getuies van Christus te wees.

God kyk nie na die kerk se sukses deur die bril van getalle, geboue en geld nie. Ons kan waar een of twee in Sy naam is, God se roeping uitleef. Ons hoef

minderwaardig te voel teenoor ‘n ander gemeente van die Here wat baie groot is met baie mense wat elke diens bywoon en dik beursies wat oopbars nie. Daar is, ek sê sommer net, geen makro gemeente in die Nuwe Testament nie. Ons moet ook nie meerderwaardig voel omdat ons gemeente ‘n kerkgebou het en ander mense in die veld bymekaar kom nie.

Wie word geroep? Mense soos ek en jy. Ja, jy!

Dit is belangrik, want ons dink soms dat “roeping” net iets is vir predikante, sendelinge, ouderlinge of mense wat ’n besondere bediening het. Maar die Bybel teken ’n baie groter prentjie. God roep mense om aan Hom te behoort én om binne hulle gewone lewens deel te wees van sy werk. Hy kies en vorm gewone mense, selfs mense met swakhede en mislukkings, om deel te wees van sy groter plan.

Maar waarom roep God mense?

GENESIS
Die roeping van Abraham. Wat sê dit vir ons vandag?

Fokus teks: Genesis 12: 1-9, 1983.
Liedere: Psalm 84: 1-2; Vonkk 5: 1-2; Psalm 38: 1, 7-8; Vonkk 234: 1-3; Vonkk 38: 1-3.

Genesis 12 gee vir ons ’n belangrike antwoord: “Ek sal jou seën ... en jy moet tot ’n seën wees.” God se roeping is nooit net ’n persoonlike voorreg nie. Abraham word geseën om tot seën te wees. God kies een mens, een familie, een volk, met ’n bedoeling wat veel groter is as daardie mens of familie: “In jou sal al die geslagte van die aarde geseën wees.” Dit beteken dat roeping altyd iets van ’n “vir ander” beteken.

Wanneer God jou roep, gaan dit daarom nie net oor die vraag: “Wat moet ek met my lewe doen?” nie. Dit gaan ook oor die vraag: “Vir wie wil God my lewe gebruik?”

Miskien is dit waaroor ons vandag weer moet dink. Jy hoef nie jou werk te verlaat om geroep te wees nie. Jy hoef nie ’n Bybel onder jou arm te hê of ’n amp in die kerk te beklee om in God se diens te staan nie. Jy kan jou roeping uitleef by die skool, by die werk, in jou huis, in jou huwelik, binne jou familie, tussen jou vriende en in jou gemeenskap.

Die leerling wat langs ’n ander kind gaan sit wat alleen is, kan besig wees om sy of haar roeping uit te leef. Die onderwyser wat nie net kennis oordra nie, maar hoop gee aan ’n kind wat amper moed opgegee het, kan besig wees om sy of haar roeping uit te leef. Die werknemer wat eerlik bly wanneer niemand kyk nie, kan besig wees om sy of haar roeping uit te leef. Die ouer wat geduldig luister, die vriend wat vergewe, die buurman wat help, die mens wat ’n ander se waardigheid respekteer – dit alles kan plekke wees waar God se roeping gestalte kry.

En dan is daar ons stukkende gemeenskap. Ons leef in ’n wêreld waar mense maklik verdeel word, waar wantroue groei, waar geweld, selfsug en onverskilligheid mense van mekaar vervreem. Genesis self probeer nie die gebrokenheid van die mens verdoesel nie. Van Eden tot Babel sien ons hoe sonde verhoudings, gemeenskappe en die wêreld beskadig. Maar dan roep God Abraham. Hy begin ’n nuwe verhaal. Dalk is dit ook ons roeping: om mense te wees deur wie God nuwe verhale begin.

Om vrede te bring waar daar konflik is.
Om hoop te bring waar mense moed verloor het.
Om waarheid te praat waar leuens makliker is.
Om te dien waar almal eerder bedien wil word.
Om brûe te bou waar mense mure opgerig het.

Abraham se roeping begin met ’n eenvoudige opdrag: “Gaan!” En Genesis sê dan eenvoudig: “Abram het toe weggetrek, soos die Here vir hom gesê het.” Hy het nie die hele pad geken nie. Hy het net die volgende tree geken. Die Bybel se boodskap oor geloof is juis dat geloof nie beteken dat ons al die antwoorde het nie; dit beteken dat ons die volgende tree gee omdat ons die Een vertrou wat die pad ken.

Miskien vra God vandag nie vir jou om jou land te verlaat nie. Miskien sê Hy eenvoudig: Gaan. Gaan terug na jou huis en wees daar ’n draer van sy liefde. Gaan werk toe en leef daar anders. Gaan skool toe en wees daar ’n lig. Gaan na jou familie toe en begin die versoening. Gaan na

jou vriende toe en wees ’n mens wat hoop bring. Gaan die gemeenskap binne en wees deel van die herstel.

Roeping is uiteindelik nie in die eerste plek ’n beroep nie. Roeping is om God se mens te wees – daar waar Hy jou geplaas het – en om daar tot ’n seën vir ander te wees. Abraham het nie geweet waarheen nie. Maar hy het geweet Wie saam met hom gaan. En miskien is dit genoeg vir vandag: Here, wys my waarheen U my roep – en gee my die geloof om die volgende tree te gee.
Amen.

GEBED: VONKK 234 ~ Abba Vader

SEËN:

Ons word nie deur ons sondige natuur beheer nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in ons. Amen.

GENESIS
Die roeping van Abraham. Wat sê dit vir ons vandag?

Fokus teks: Genesis 12: 1-9, 1983.
Liedere: Psalm 84: 1-2; Vonkk 5: 1-2; Psalm 38: 1, 7-8; Vonkk 234: 1-3; Vonkk 38: 1-3.

WEGSENDING: Vonkk 38: 1-3